# 27 Junie 2023 - Lesing 59 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Genesing van siekes - Verkondiging van Jesus Christus – 14/2/58

**NO: 7042** Wie eenmaal oortuig die geloof in My gevind het, sal dit ook nooit meer verloor nie. Selfs al sal daar altyd weer verleiding op hom afkom, - geloofswaktes, - waaraan elkeen blootgestel is solank hy op die aarde rondgaan. Maar hy sal altyd weer die weg na My neem, Wie hy herken het as sy God en Vader van ewigheid.

Maar die meeste mense - dit is die merendeel – wat nog nie glo nie, staan nog ver van hierdie insig af, **omdat hulle nog so ver van My af staan**. Maar Ek kom die mense somtyds op ongewone wyse tegemoet **om hulle tot geloof te bring.** Want dit is hulle wat deur ongewone dade, deur siektegenesing of wonderwerke van 'n ander aard tot nadenke gebring moet word.

**Maar dit geskied altyd maar net deur gelowige mense**, sodat Ek dus My en My krag eers aan diegene kan toon **wat al gelowig is**, - waardeur hul medemens dan aangespoor kan word om **ook verbinding met My te soek,** met My, hul Skepper, Wie hulle in elke ongewone gebeurtenis kan herken.

**En so is dan vele siekes maar net uitgekose werktuie** wat as te ware deur hul geloof moet toelaat dat Ek op hulle inwerk en daarmee tegelykertyd hul medemens ook tot geloof moet bring. **Want op 'n heel ongelowige mens sal Ek nooit My Krag laat inwerk nie**, om welke rede hulle ook die deur My gekose heelmeesters deur hul geestelike insig kan herken, - of 'n genesing deur geloof kan plaasvind al dan nie.

Daarom sal daar ook nie altyd genesing plaasvind nie, selfs al is 'n deur My opgewekte heelmeester aan die werk. Die genesing van die siel is van baie groot belang, maar **die genesing van 'n heeltemal ongelowige sal eerder die dood van die siel tot gevolg hê as haar lewe.**

Daarom word My genesers-deur-geloof ook dikwels deur die wêreldse mense bestry, wat glo dat hul afwysende houding kan motiveer dat nie alle genesings slaag nie, dat dikwels mislukking te bevestig is **wat egter deur die bostaande verklaar word**. En daardeur bly ook die gebied van wondergenesings 'n omstrede gebied en die wondergenesings word daardeur **geen geloofsdwang** nie. Die mense kan dus in wonderwerke glo, maar hulle word nie daartoe gedwing nie. Maar elke gelowige mens laat die welslae aan My oor, want sy geloof in My gee hom ook die sekerheid dat Ek sal doen soos wat dit vir die siele van die mense goed sal wees.

In die laaste tyd voor die einde, sal **die tekens en wonders egter toeneem.** Want dit gaan dan om die krag van My Goddelike Naam JaHshua te bewys, sodat daar aandag geskenk sal word aan My verlossingswerk en die ongelowiges die weg na My sal vind, - voordat dit te laat is. En daarom sal daar waar die Goddelike Verlosser JaHshua Messias verkondig word, nog veel wonderbaarlikhede geopenbaar word.

Wie gelowig is, moet My ook dien deur getuienis van My af te lê, sodat My krag in hom werksaam kan word. Wie gelowig is moet homself in die aardse nood van sy lewe aan die verkondigers van Jesus Christus toevertrou, sodat Ek deur hom 'n bewys van My Mag en Krag kan gee en daarmee ook hulle te hulp kan kom wat nog swak is in die geloof, of wat teenoor My, hul Goddelike Verlosser JaHshua Messias, nog geheel ongelowig staan. Want dit moet julle almal weet, **dat Ek met die oog op die naderende einde heel ongewoon te werk sal gaan en My daarom van diegene sal bedien wat <u>sterk is in die geloof en in die liefde</u>. Amein.**